Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*In die kapitalistiese staat is die volk verdeel in uitbuiters en slawe van die uitbuiters.*

# Die O.B.

*In die sosiale gesagstaat is die volk één — almal arbeiders in diens van die gemeenskap.*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 5 JANUARIE 1944. No. 7.

## Jopie Fourie: Sy Gees Leef Voort In Ons Geledere!

### Pretoria se Treffende Hulde

**Op Sondag 19 Desember het die jaarlikse kranslegging van die Pretoriase generaalskap by die grafte van Jopie Fourie en Manie Maritz plaasgevind. Die Komdt.-genl. en die A.K.G. het aan die funksie deelgeneem.**

Die oggend om sewe-uur het die indrukwekkende optog na die ou kerkhof vertrek. Heelvoor was die **vlagwag van Boereseuns.** Sewe O.B.-vlae het fier in die vroeë môrelug gewapper. Die vlagwag is gevolg deur die **Kommandant-generaal, die Adjunk-Kommandant-generaal, Gebiedshoofgeneraal H. M. van der Westhuysen, Generaal G. Cronjé, en ander offisiere.** Agter hulle het die **Boeredogters** met die kranse gestap. Vervolgens afdelings van die **Boeredogters** en **Boereseuns** gevolg deur die **vrouekommando's** en **manskommando's.** Die vlae en vaandels van die kommando's en die deftige marsstap van die Brandwagte het die optog onvergeetlik gemaak. By die graf van Jopie Fourie was 'n **wag van die Boerejeug** opgestel. Die godsdienstige gedeelte van die plegtigheid is waargeneem deur **ds. A. J. G. Oosthuizen.**

JOPIE FOURIE

In 'n kort toespraak het Gebiedshoofgeneraal Van der Westhuysen daarop gewys dat die heldedaad en offerdood van **Jopie Fourie** geen terloopse gebeurtenis was nie maar 'n skakel in die ketting van al daardie talryke offers wat gebring is in diens van die vryheid van die Boerenasie. Vanaf sy vroegste geskiedenis, oor Slagtersnek, deur die Groot Trek, die Vryheidsoorloë en die Gewapende Protes (die Rebellie) het die Afrikanerdom sy helde en martelare gehad. Vandag moet ons die offers meebring, in die tronke en in die kampe en oral waar die Afrikaner vir sy oortuiging en vryheidstryd die prys moet betaal.

Hierna het die plegtige en indrukwekkende kranslegging plaasgevind. 'n Groot aantal kranse is gelê, o.a. deur die Kommandant-generaal, die Gebiedshoofgeneraal, die plaaslike Generaal, Jeughoofkommandant M. M. Smith, e.a. Met talryke bosse blomme is die graf versier. Na die Stem van Suid-Afrika gesing is, het die K.G. aan die woord gekom.

**Die Komdt.-Genl.**

Hy het veral gewys op die betekenis van Jopie Fourie as held en leier. Toe die voorsitter van die hof wat hom tot die dood veroordeel het, vir Jopie Fourie gevra het of hy nog iets te sê het, was sy woorde:

„Vir myself vra ek geen genade nie. Die genade van God sal vir my genoeg wees. Maar vir my jonger broer en die ander hier by my wat saam met my aan hoogverraad skuldig gevind is, vra ek genade omdat hulle onder my invloed en leiding gehandel het. Ek is verantwoordelik vir wat hulle gedoen het en daarom vra ek vir hulle genade".

**Hierdie pligsbesef en verantwoordelikheidsgevoel van die offisier teenoor hulle onder hom, het Jopie Fourie gemaak tot navolgenswaardige voorbeeld vir elke offisier in die O.B.**

MANIE MARITZ

Na die plegtigheid afgesluit is, het 'n lang motoroptog na die nuwe kerkhof vertrek waar die Brandwagte weer in gelid na die graf van genl. Manie Maritz gestap het. Namens die O.B is 'n krans gelê deur die A.K.G., wat onder Manie Maritz geveg het, terwyl die krans van die Generaalskap deur hfkomdte. M. Swanevelder gelê is.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van voorgaande kol.)

**Die A.K.G.**

In 'n besielende toespraak het die A.K.G. melding gemaak van Manie Maritz se ongeëwenaarde dapperheid en onverskrokkenheid. Hy het geweet wat sy plig is maar vrees en selfsug het hy nooit geken nie. Sy lewensbeskouing was:

„My volk skuld my niks nie, ek skuld my volk alles".

Toe hom eendag gevra is om sy heldedade vir die nageslag op skrif te stel, het hy gesê:

„Wat ek gedoen het, was niks besonders nie. As 'n mens veg, dan maak jy so".

Manie Maritz se nagedagtenis sal nooit sterf nie. Sy heldedade en dapperheid sal vir altyd lewe, het die A.K.G. besluit.

Toe die optog die kerkhof verlaat het, het die Kommandant-generaal die Brandwagte gelukgewens met die skitterende vertoning. Daar was geen busvervoer beskikbaar nie, maar die groot getalle wat opgedaag het, het alle verwagtings oortref en strek die generaalskap tot eer.

By die verdaging het die K.G. die saluut geneem.

## VAN ONS LEIER

### Aan *Die O.B.* in sy Derde Jaar

In opdrag van die Komdt.-genl. plaas ons onderstaande boodskap wat ons Leier aan die Redakteur van Die O.B. gerig het aan die begin van ons blad se derde jaar:—



**Weledele Heer,**

**Eintlik moes ek hierdie brief verlede maand geskryf het, toe ons blad 'n nuwe jaar aangetree het. Verskoon asb. die versuim.**

**Ek skryf om my dank aan, en my ingenomendheid met, die blaadjie *Die O.B.* te betuig. In twee jaar stryd van die Ossewabrandwag teen oormagtige vyande is dit ten groten dele aan die blad — ons enigste propagandamiddel behalwe vergaderings — te danke dat ons staan. En nie net staan nie, maar ook vaster staan as voorheen.**

**Ook wil ek my respek betuig aan die bekwame personeel en aan die Redakteur, uself. Ons leef in 'n tydperk van omwenteling. Van oorgang en ondergang. Dikwels is die keuse juis tussen die oorgang of die ondergang.**

**Wat ek waardeer in u artikels en u leiding is dat u, met alle verbondenheid aan die grondliggende dinge, aan die essensiële uitgangspunte, ook 'n onbevange oog het vir die ontwikkelingseise van ons tyd en van ons stryd. Uit u artikels het menige leser leer insien dat selfgetrouheid nog lank g'n engheid hoef te wees nie.**

**Meneer die Redakteur, u het 'n baie moeilike en dikwels gevaarlike taak, wat meestal ouer en meer ervare joernaliste opgedra word, vervul op 'n manier wat ons dank en erkentlikheid afdwing. En as u blad in elke Afrikanergesin kon kom, sou baie onnodige verkeerdheid vermy word.**

**Ek wens u sterkte toe!**

**J. F. VAN RENSBURG.**

**Pretoria,**
**2/12/43.**

## MACKENZIE KING TEEN JAN SMUTS

Uit Kanada word berig dat politieke kringe in Ottawa in beroering gebring is deur berigte as sou die Kanadese regering gaan aankondig dat hy gekant is teen die Smuts-plan om die na-oorlogse wêreld in hande van Rusland, Amerika en Engeland te plaas.

Verwag word dat die Eerste Minister 'n beleidsverklaring namens die regering gaan doen wat ten gunste van klein volke is in teenstelling met die beleid van terugkeer tot die sg. magsewewig van die groot moondhede.

## HOE DIE POSDIENS BESTUUR WORD

'n Mens weet vandag nooit of 'n brief of telegram sy bestemming bereik nie. Uit die talle voorbeelde van absolute nalatigheid is die volgende een:—

Op 4 Desember is 'n telegram aan 'n Johannesburgse firma in Kaapstad ingehandig, antwoord betaal. Daar geen antwoord ontvang is nie, is ondersoek gedoen. Dit blyk toe uit die boeke van die Hoofposkantoor dat genoemde telegram eers op 13 Desember afgestuur is — nege dae later.

Hierdie nalatigheid kon, indien intussen nie ander stappe gedoen is nie, groot skade veroorsaak het.

Met die aflewering van Die O.B. aan intekenaars gaan dit ewe treurig en hoewel die posowerheid die geld daarvoor in ontvangs neem, word die grootste nalatigheid, indien nie vyandigheid nie, daagliks aan die dag gelê.

Hierdie of sulke amptenare vergeet dat dit nie altyd oorlog gaan bly nie en 'n mens selfs vir dade in naam van die oorlog gepleeg, later boet.

## TWEE KULTURE BOTS OP KERSDAG

Britse, Kanadese en Amerikaanse krygsgevangenes in Duitse hande is vir die viering van Kersfees per bus na Rome gebring, meld die Duitse nuusagentskap. Die soldate is eers na die Amerikaanse Paulus-katedraal geneem en na die kerkdiens singende na versierde sale gemarsjeer, waar hulle op kos, koek en lekkers trakteer is.

United Press berig dat vanuit die Amerikaanse linie ou-Kersaand die Duitse linies bekruip en die feesvierende Duitsers oorval is, met die gevolg dat 'n groot aantal gedood en gevange geneem is.

Vliegende forte het op Kersdag 'n aanval op Bolzano gemaak, maar het geen Duitse vliegtuie teengekom nie.

**Geklassifiseerde Advertensies kos 1d. per woord, minimum 2/6.**


**£100,000** in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— **Johannesburg:** Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. **Kaapstad:** Kamer 614, Groote Kerkgebou. **Bloemfontein:** St. Andrewstraat 123. **Port Elizabeth:** Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

**EXCELSIOR MEUBELS BPK.**

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk.
Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M. .............................................

.............................................

(O.B., 5 Jan. 1944) .............................................

*Ons sukses is u voorspoed*






# Die O.B.-Arbeidslaer

Die volk van Suid-Afrika gaan tans by die begin van 1944 nogeens 'n oorlogsjaar tegemoet. Watter geluk of ongeluk of droefheid of ellende die stryd vir ons as oorlogvoerende land mag bring, dit weet ons nie. Ons kan ook eintlik niks daar aan of afdoen nie. Die meeste wat ons volk kan en ook moet doen is om die node en behoeftes wat die oorlog vir ons meebring en skep, te ontleed en doelmatig as georganiseerde en gedissiplineerde eenheid af te stuur op die leniging en die bestryding daarvan. Dit is die taak van die histories-bestemde en tydsrype Ossewabrandwag om die volk deur al die gaos heen na sy eindbestemming te lei.

Vir ons volk het hierdie oorlog twee aspekte, elkeen waarvan vir ons nuwe en eiesoortige probleme inhou.

Hierdie oorlog is in die eerste instansie 'n **imperialistiese.** In die groot empire-ywer waarmee ons mense vandag deur pers en radio met lepels gevoer word, het ons volk gevaar geloop om sy eie nasionalistiese strewe te verwater of selfs te verloor. Maar met 'n diepe trots en stille dankbaarheid mag ons sê: die Afrikaans-nasionale stryd het die O.B. reeds vir die volk gewen. Die Afrikanersiel het getriomfeer oor die empire-eer en -geld. Die

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Afrikaner het die enge Pad van Suid-Afrika verkies bo die weelderig gebaande weë van die Empire. Dit getuig die vol tronke van die Empire en die milde steun van die Afrikanerdom aan die slagoffers van die Empire.

Hierdie oorlog was in die tweede instansie 'n **kapitalistiese.** Die internasionale geldmag het geveg vir sy lewensbestaan, geveg vir die behoud van sy bevoorregte posisie in die wêreld, geveg vir die voortduring van miljoenêrskap en armoede. Maar die kapitalisme het die stryd reeds verloor. Soos 'n vet, lompe en oorvrete reus het hy reeds geval.

En vandag staan die kommunisme— of sy onheilsame telg, staatskapitalisme — reeds wydsbeen oor die liggaam. Die kommunisme, wat jarelank al rebels is teen die individualistiese kapitalisme, trag tans om 'n suksesvolle revolusie deur te voer ten einde internasionale staatskapitalisme op die volke van die wêreld af te dwing.

Wat sal dit 'n volk baat om kapitalistiese ellende en armoede te verruil vir kommunistiese staatsslawerny?

Daar is net een alternatief, nl. 'n kontra-revolusie, weg van die kapitalisme en kommunisme af. 'n Kontrarevolusie met net een onverbiddelike doel voor oë, nl. die vestiging van 'n gesonde sosiale orde vir elke volksgemeenskap, 'n orde wat bestaansveiligheid vir elkeen sal waarborg en wat aan elke gesinshoof 'n gesonde eietrots sal gee.

Die basis van hierdie nuwe orde is **arbeid** — die reg op en die plig tot arbeid.

Ook die toekomsveiligheid van ons Afrikaanse gesinne lê in die weegskaal. Dit is daarom dat die Ossewabrandwag, weereens, roepingsbewus, ingespring het en sy Arbeidslaer georganiseer het, waardeur elke Afrikaner sy elementêre behoefte-bevrediging gewaarborg vind, nl. die behoefte aan kos, klere en 'n huis.

Die nasionale stryd om 'n trotse en onafhanklike eiebestaan het die Afrikanerdom reeds gewen. Dit lei geen twyfel nie. Die sosiale stryd om in ons republiek die uiterstes van miljoenêrskap en armoede ondergeskik te maak aan die gulde middeweg van „vir elkeen na sy behoeftes" lê nog voor. Ons het reeds die wens om ons broer se wagter te wees. Laat ons hierdie wens 'n praktiese grondslag gee.

Laat 1944 die Heiljaar van die Afrikaner se sosiale ontwaking wees, net soos 1938 die wonderjaar van ons nasionale herrysenis was!

# Die Handelaar se Plek en Plig in die Gemeenskap

D.L. 1/44.

**Die Afrikaner is maar al te geneig om die handel as 'n oorbodige skakel in die ekonomiese lewe te beskou. Ons kan hom dit ook nie kwalik neem nie as ons in aanmerking neem dat ons volk juis op handelsgebied die meeste met die uitvaagsels van Europese en Asiatiese agterbuurtes „geseën" is, en dit teen 'n geweldige hoë koste.**

Die handelaar lewer egter 'n noodsaaklike diens aan die gemeenskap. Hy moet die produsent se ware aan die verbruiker bring. Die vraag is dus nie of hy die diens moet lewer of nie, maar net hoe hy dit lewer. In die mate waarin hy hierdie diens lewer is hy dan ook geregtig op 'n redelike vergoeding vir sy arbeid. **Dat die handel egter 'n uitverkore uitbuitingsveld vir parasiete moet wees, sal die Afrikanervolk in sy Gesagstaat nie duld nie.**

## SORGVULDIGE STAATSBEHEER

Met die oog hierop sal die Gesagstaat sorgvuldig beheer oor die handel en bemarking uitoefen. **'n Doeltreffende en omvattende stelsel van prys- en winsbeheer sal die nodige beskerming beide aan die gemeenskap en aan die handelaar verseker.** Dit sal natuurlik nie die soort beheer wees waarmee ons vandag opgeskeep sit nie, want dit lyk baie dae of die owerhede nou nie juis duidelikheid het oor wat hulle met die beheer beoog nie. Beheer moet planmatig en omvattend toegepas word, anders is dit geen beheer nie. Ook is 'n deeglike **inspeksiestelsel** onontbeerlik. Verder sal eers 'n grondige ondersoek na binnelandse markte en afsetmoontlikhede onderneem moet word.

Die bloedstroom van enige geslaagde prysbeheer is natuurlik **'n deeglike statistiese diens.** Sonder die juiste statistiese gegewens kan geen beheer oor produksiekoste uitgeoefen word nie, kan pryse nie in 'n redelike verhouding met produksiekoste gereël en kan vraag en aanbod nie in verband gehou word nie. Ook is juiste gegewens nodig om wanverhoudings tussen die pryse van verskillende produkte uit te skakel, bv. tussen landbouprodukte en fabrieksartikels. 'n Ontleding van die karige gegewens beskikbaar bring by voorbeeld aan die lig dat onder die kapitalistiese stelsel daar altyd die neiging is dat landboupryse in tyd van voorspoed stadiger styg as fabriekspryse en in tyd van depressie weer vinniger daal in verhouding met die pryse van fabrieksartikels. Hierin is juis een van die grondoorsake van die gedurige landboukrisisse in Suid-Afrika en ander kapitalistiese lande geleë.

## DISTRIBUSIESTELSEL

Die Gesagstaat sal dit ook as 'n eerste taak beskou om **die besondere bemarkingsvraagstukke** te oorkom wat deur die groot afstande in ons land meegebring word. Ons dink hier by

(Vervolg op bls. 4, kol. 3)

## JONG BRANDWAG OORLEDE

**Hennie Smith, die jongste en daarby een van die ywerigste lede van die O.B.-musiekkorps onder Kapelmeester Veldkt. Swanepoel, is die dag voor Kersdag in die Volkshospitaal na 'n operasie oorlede. Hennie was slegs 12 jaar en 9 maande oud en was met groot musikale talent en pligsgetrouheid begaafd.**

**Die begrafnis het vanuit die N.G. Kerk, Buitekantstraat, plaasgevind onder blyke van groot belangstelling. Talle van kranse het getuig van die agting wat die jong seun geniet het.**

**„Die O.B." wens hiermee sy meegevoel met die ouers en familiebetrekkinge te betuig.**

VAN ZYLS

HOOFSTRAAT, PAARL.

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

RAADPLEEG ONS VIR TENNIS-BENODIGHEDE

Groot verskeidenheid Rakette in voorraad

Herstel en Hersnaring van Rakette word onder toesig van deskundiges gedoen

OOK OP — — — PORTERVILLE

STERK SKAKELS...



maak 'n sterk ketting!

Net so bou versorgde, selfstandige huisgesinne 'n selfstandige, selfversorgende volk en land.

*

SANLAM

Die werklik versorgde huisgesin is die een met 'n Sanlam-Polis

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —

HOOFKANTOOR. WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

ALGEMENE HANDELAAR

en

PRODUKTE KOPER

S. J. KRYNAUW

vir

Kruideniersware teen die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. GARCIA en NUWESTRAAT

Foon 68 Bus 54

BEAUFORT-WES.

# Aan die Werk in die Nuwe Jaar!

## Wenke vir Alle Kommandos en Elke Brandwag

### VAN GEBIED A

### 8 Augustus Roep!

**Die opstelling van 'n OSSEWA-BRANDWAG-GEDENKBOEK met die oog op insameling van fondse vir 8 Augustus, is een van die wenke vervat in 'n rondskrywe deur genl. mev. J. S. du Toit aan haar gebied (Wes-Kaapland). Sy doen aan die hand dat elke kommando die nodige hoeveelheid papier van dieselfde formaat kry van Gebiedshoofkwartier en elke lid teken dan sy of haar naam teen betaling van 'n minimum-bedrag van 1s. Lede van die Boerejeug teken teen betaling van 6d. Die name word dan opgestuur na die Gebiedskantoor en in 'n boek gebind. Die fondse gaan vir O.B.-dag 1944. Die naamlyste moet gereed wees op of voor 8 Augustus 1944.**

Ander wenke is:

**Die Woeker-metode:**

As middel om vindingrykheid en ondernemingsgees te skep en lede die hele jaar besig te hou vir die groot einddoel.

**Ruilwerk:**

Brandwag A, wat baie netjies kan brei, doen die breiwerk van Brandwag B teen betaling. Brandwag B, wat op haar beurt uitstekend kan bak, bak vir Brandwag A teen betaling. Die geld gaan na die O.B.-fonds.

**Bussies:**

Elkeen hou 'n O.B.-bussie, blikkie of dosie, waarin alle origie pennies of ander verdiende geld gebêre word. Dit moet dan nie oopgemaak word voor 8 Augustus nie. Dit sal dan 'n verrassing wees.

### O.B.-NOODHULPFONDS

**Staat van Inkomstes en Uitgawes vir die periode 26 Januarie 1942 tot 30 November 1943:—**

| | Inkomste. | | | Uitgawe. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal tot op 31 Aug. 1943 | £34,490 | 8 | 11 | £34,421 | 4 | 9 |
| September 1943 | 1,173 | 17 | 8 | 1,797 | 2 | 8 |
| Oktober 1943 .. | 1,090 | 18 | 8 | 1,923 | 10 | 3 |
| November 1943 | 2,994 | 16 | 5 | 1,400 | 14 | 8 |
| | £39,750 | 1 | 8 | £39,542 | 12 | 4 |
| Latende 'n krediet-balans van | | | | £207 | 9 | 4 |

**Verhouding van administratiewe koste (salarisse, kantoorhuur, reiskoste, voorrade ens.) tot totale uitgawe 2.7%.**

**E. PUREN,**
**Sekr. O.B.-Noodhulpfonds.**

**Werkgeselskappe:**

(Sowel vir mans as vir vroue.) Leer mekaar hoe om speelgoed te maak, leerwerk, kunsnaaldwerk, houtwerk, ens. te doen. Ontwikkel mekaar se verborge talente ten bate van u volk en 8 Augustus.

**Resepsies:**

Kommando's kan resepsies onderneem vir huwelike, verjaardae, ens. Alle geld gaan vir O.B.-dag.

**Vriendskapsentrums:**

Kommando's word sterk aangeraai om 'n eie vriendskapsentrum te hê waar gesellig bymekaar gekom kan word onder die nuttiging van 'n koppie koffie of tee. Hier kan lede hul plaasprodukte, handwerk, ens. verkoop ter stywing van die fonds.

'n Spesiale kraampie vir spaarsaamheidsartikels word in die vooruitsig gestel. Verdere besonderhede sal later volg. Elkeen kan egter intussen sulke handwerkies begin opsy sit vir die uitstalling.

**Versoek word dat Brandwagte alle uitgawes van *Die O.B.* in verband met 8 Augustus se werksaamhede goed bewaar, aangesien die informasie (met die oog op papierskaarste) nie afsonderlik uitgestuur kan word nie.**

### VAN GEBIED B

### Onderlinge Hulp en Diens

Die hoofkwartier van Gebied B stuur onderstaande wenke (opgestel deur hfkomdte. M. Swart) om meer onderlinge belangstelling aan te wakker:

**Kerkbywoning.**—O.B.-lede kan ongemerk 'n oog hou en mekaar help — miskien 'n sitplek in 'n kar aanbied — 'n sieke of hulplose help oppas om die sorger 'n kans te gee om dienste by te woon, of 'n draagbare radio neem om die sieke 'n kans te gee om na die diens te luister. Probeer die oorsaak van swakke bywoning uitvind en help dit verwyder, maar gebruik takt — baie van ons mense is baie fyngevoelig en moenie hulle seermaak nie — vernaamlik waar die struikelblok maar al te dikwels kleredrag is!

**Hou 'n Kommandoverjaardagboek.**—Daar is niks wat die hart so streel as 'n onverwagte verjaardaggroete nie. Hier kan die driemanstelsel baie vergemaklik.

**Siekte en Hospitaalbesoek.**—Indien 'n persoonlike besoek onmoontlik of nie wenslik is nie, sal 'n boodskap of briefie van belangstelling dikwels baie help — 'n bekommernis gedeel, is baie ligter om te dra. Sover hospitaalbesoek aangaan, sal dit 'n werk spesiaal vir die stedelike afdelings wees. Port-Elizabeth se afdeling kan 'n besoeklys van vrywilligers opmaak wat dan beurtelings besoek kan aflê (dit ook op Uitenhage en Oos-Londen). Wanneer van hul lede na die hospitaal gaan, stuur plattelandse afdelings die name aan stedelike besoek-afdelings. Indien verlang, kan die besoek van 'n goedgesinde predikant ook gereël word.

**Huisvlyt.**—Indien moontlik sluit aan by die vereniging en probeer verkry lesings en demonstrasies oor voeding, gesondheid, ens. — sorg dat soveel lede moontlik (vernaamlik minderbevoorregte) dit bywoon, vernaamlik met die besoeke van die regeringsdeskundiges.

**Tuisverpleging.**—Help waar nodig en moontlik — met raad, persoonlike hulp of bydrae.

Maak 'n spesiale poging om belangstelling te toon by geboortes.

Bedroefdes — sorg dat deelneming beide persoonlik en namens die O.B. oorgedra word.

**Noodleniging.**—Offisiere en lede, hou 'n oog waar dit nodig is. Dikwels sal die geval waar dit die meeste nodig is, nie self om hulp kom aanklop nie!

Hou 'n wakende oog by die skole (en huise) vir ondervoede kinders, beide in die stede en op die platteland. Hier kan die dienste van goedgesinde onderwysers(resse) baie help. Rapporteer aan u hoër offisier wat dan verder handelend moet optree. In die koue wintermaande kan op die kleredrag ook gelet word.

In die stede — hou 'n wakende oog oor ons meisies in fabrieke ens., vernaamlik wanneer hulle pas van die platteland kom — 'n bietjie belangstelling wanneer hulle nog vreemd is, sal hulle baie help en hulle miskien red van verkeerd te kies.

Stel belang in u buurman se blomen groentetuin — moenie suinig wees om saad, plante en steggies te deel nie. Moenie traag wees om 'n naaldwerk-patroon of wenk te deel nie. As u 'n nuttige of voordelige resep het, gee dit voort.

Ondersteun u eie besighede eerste —kleremaaksters, snyers, bakkers, ens. Moenie eers na die uitlander gaan nie.

Help mekaar in alles en u help uself en daardeur u volk.

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

### KOMMANDO-NUUS

Kommando C2a7 (Daspoort) het vanaf 15 tot 20 November te Daspoort ten huise van die kommandante hul spinkursus gehou, wat bygewoon is deur 'n klein aantal offisiere en brandwagte.

Prof. W. P. de Villiers van Pretoria wat ten tye die kommando besoek het, het die kursus geopen met 'n besielende toespraak en o.a. daarop gewys hoe die strewe by die Afrikanermoeder en -dogter moet wees om veral die huisgesin selfonderhoudend te maak.

Veldk. mev. Van der Walt het met veel ywer en kuns die kursusgangers onderrig, sodat by die einde van die periode elkeen in staat was om baie deeglike werk te lewer. Deur die ywer en samehorigheid van almal, was die kursus 'n baie groot sukses.

Liedere is gereeld geoefen en van dieselfde geleentheid het die kommandante ook gebruik gemaak om ou en vorige bevele te behandel, en te onderrig in die pligte en werksaamhede van offisiere en brandwagte.

Ook het veldk. mev. H. van Tonder een middag 'n demonstrasie gegee i.v.m. die maak van koeksisters.

* * *

Die Burgersdorpse Vrouekommando het op die 8ste Desember sy werksaamhede vir 1943 formeel afgesluit met 'n geselige byeenkoms waarop Brandwagte ook Kersgeskenke onderling uitgeruil het. Vir die Boerejeug is 'n Kersboom gehou.

* * *

In 'n brief van dank aan haar Kommandant, verklaar mev. wed. Zeegers van Nylstroom, eggenote van wyle veldkt. Zeegers, dat haar eie en haar kindertjies se posisie gered is deur 'n skenking van £100 wat sy van die Waterberg-Suid-Kommando ontvang het.

* * *

Van die Fauresmithse kommando's het 'n mooi bydrae tot die O.B. se Noodhulpwerk die Hoofkwartier van Gebied C in Bloemfontein bereik, in die vorm van 'n groot hoeveelheid klere vir verspreiding onder die afhanklikes van geïnterneerdes. Die verantwoordelike asst.hfkomdte. is mev. P. D. Groenewoudt.

**TABBERDS!**
**GEBLOMDE KATOEN**
**Pragtige Modelle en Kleure**
**by**
Steyn's
**PAROW**
**DIE MODERNE DAMESMODISTE**

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG.
***KOOP NOU!***
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk.**
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

***TOT U DIENS!!***
Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.
**ONS BIED U MEUBELS**
vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.
Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.
**Stinkhout-meubels**
'n spesialiteit en aangebied teen fabriekspryse
**MEYER en FERREIRA**
Laer Hoofweg 287
OBSERVATORY

**'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:**
„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."
**MEER AS 200 KURSUSSE**
**Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.**
**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".**
DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.
Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ______
Naam ______
Adres ______
(O.B., 5 Jan. 1944). ______
**Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).**
**HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE**
VOORTREKKERGEBOU 316, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

# *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

Handelsadvertensies: 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

Persoonlike Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar).
Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.
Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

## GEBOORTE

LAMPBRECHT. — Aan kommandant en Mev. W. Lampbrecht, Oostelikeweg, Oudtshoorn, 'n fris O.B.-seun, gebore op 6 Desember 1943. Naas die Heer dank aan verpleegster.

OTTO. — Aan Mnr. en Mev. G. J. Otto, Geluk, P.K. Vorentoe, 'n fris O.B.-seun op 7 Desember. Naas die Heer ons innige dank aan Verpleeginrigting, Brits.

## VERLOWING

GREEFF—KRIEL. — Hiermee wens ons, Joan, enigste dogter van Mnr. en Mev. Kowie Kriel,' Silwer Oaks, Robertson, en Jurie, tweede seun van Mnr. en Mev. Abraham Greeff, Hazenjacht, Oudtshoorn, bekend te maak dat ons ons onlangs verloof het.

HIBBERT—VENTER. — Mnr. en Mev. De Wet Venter, van Tuine, Kaapstad, maak bekend dat hulle oudste dogter Engela op 24 Desember verloof geraak het met Hoofkomdt. A. W. Hibbert van die Ossewabrandwag, oudste seun van Mnr. W. D. Hibbert van Sterkstroom.

VAN DER WAT—BUDRICK. — Ons tweetjies, Ernst Budrick en Stefánie van der Wat, beide van Johannesburg, wens hiermee aan vriende en belangstellendes mee te deel dat ons eers bekend was toe verlief en nou verloof is.

## DOODBERIG

VAN DYK. — Dit het die Almagtige behaag om tot Hom te neem op 10 Desember 1943, ons dierbare vader, brandwag Danie van Dyk, van Sameloop, Senekal, in die ouderdom van 65 jaar. Ja tot in ewigheid, Goddank vir hom. — Sy bedroefde kinders Japie en Bertha van der Merwe, Seramê, Paul Roux.

DE WAAL. — Sag heengegaan aan kinkhoes op 16 Desember, ons liefling seuntjie Willem, in die ouderdom van 6 maande. Diep betreur deur bedroefde ouma, ouers en twee broertjies. — W. A. de Waal, Blaauwklip, Stellenbosch.

SMITH. — Sag heengegaan op 24 Desember in die ouderdom van 12 jaar en nege maande, ons dierbare seun en boetie, Hennie. Ons hartelike dank aan Ds. en Mev. Vorster en alle familie en vriende vir alle hulp en bystand.

## IN MEMORIAM

KALIE THERON. — Die 14de Desember was dit 2 jaar dat jy weg is, maar ons vergeet jou nooit. Jy het deur ontbering en lyding jou volk tot die dood toe gedien. God het jou offers van wyding, jou roemryke strewe gesien. — Theron-familie, Lichtenburg.

BARENDSE. — In liefdevolle aandenking aan ons vader, Jan Barendse, skielik heengegaan op Nuwejaarsdag 1942. In lewe woonagtig op Wildernis. — Ernst en Maria Venter (gebore Barendse).

## PERSOONLIK

BRANDWAGTE. — As u Johannesburg besoek of daar woon, ondersteun Excelsior Haarsnyers, Volkskasgebou, Markstraat 76. Eienaar Willie Engelbrecht. Nie verbonde aan 'n „Trade Union". Flink boere-werkers.

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.

## BENODIG

DAME as huishoudster en assistente met pluimveeboerdery. Vrye inwoning, aangename omgewing. Beginsalaris £5 per maand. Doen aansoek met getuigskrifte en portret aan „J", Posbus 8576, Johannesburg.

GEVRA, 'n flukse boer-seun, gematrikuleerd, om Karokul stoetboerdery waar te neem. Doen aansoek met afskrifte van getuigskrifte, ouderdom en salaris verlang aan: Mnr. L. H. Brechner, Posbus 3, Karasburg, S.W.A.

## TE KOOP

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernsey-Beestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.

## TE KOOP

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.

KOLJANDER — vars en sterk-gegeurd 3 pond netto gewig; gelewer aan u naaste posadres teen 3/6. Spesiale prysopgawe vir 100 sakke. Wortelsaad van uitgesoekte wortels 10/- per pond. P. W. Kloppers, Paul Krugerstr., Robertson.

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.

WANGANELLA RAMME. — Opreggeteelde Wanganella Ramme verkrygbaar vanaf 1 April 1944, teen billike pryse. Groot karkasse en hoë kwaliteit wol die kenmerke. Bestel vroegtydig ten einde teleurstelling te voorkom. F. S. Olivier, P.S. Oude Land, Dist. Graaff-Reinet.

## NUWEJAARSGROETE

Brandwagwense vir die komende volks- en ander feesdae. — Komdte. A. en Genl. M. S. F. Grobler.

DANIE THERON — Ons dink aan jou in liefde. Hartelik geluk met die nuwejaar, van jou verlangende ouers, broers en susters, Lichtenburg.

DIE HOOF, LEDE EN STAF van die Kultuur- en Voorligtingsafdeling, wens alle offisiere en brandwagte, ook hulle wat in die Empire se kampe en tronke opgesluit is, van harte 'n oorwinningsjaar in die gees van nasionale broederskap en sosiale wagterskap toe. Hulde aan ons Kommandant-generaal.

DIE LEIER, LEDE EN STAF van die O.B.-Arbeidslaer, wens alle offisiere, brandwagte en werklustige Afrikaners 'n voorspoedige nuwejaar toe. Mag die nuwejaar rus en kalmte bring vir menige bekommerde hart, en mag ons almal se stryd vir die bestaansveiligheid van ons elkeen met sukses bekroon word.

Voorwaarts na oorwinning onder die leiding van ons Kommandant-generaal.

GENERAAL PHIL. J. BOTMA wil namens homself en die staf van die finansiële hoofkwartier alle offisiere en brandwagte 'n vaste boerehanddruk vir 'n gelukkige en 'n allervoorspoedigste nuwejaar reik. Lewe die K.G.!

Hartlike O.B.-groete en heilwense aan brandwagte, offisiere, die K.G. en A.K.G. van die Ossewabrandwag vir 'n gelukkige en voorspoedige Nuwejaar. — Van Manne- en Vrouekommandos A13b3 en A13b8, Prieska.

LEON — 'n Baie voorspoedige nuwejaar. Mag jy gou weer in die familiekring wees. Alles sal regkom. Liefde van jou suster Jay en swaer Hansie.

LEON METELERKAMP, jou ouers, broers en susters wens jou 'n gelukkige en geseënde nuwejaar. Alles reg op Groot Hoek. Lees Jesaja 41 vers 10.

MNR. EN MEV. HENNIE POTGIETER van Westdene wens al hulle boerevriende en familie 'n voorspoedige nuwejaar. Mag die O.B. groei.

## DANKBETUIGING



GENLE. MEV. J. S. DU TOIT bedank almal wat aan haar en haar gesin hul Kers- en Nuwejaarsgroete gestuur het. Sy het elkeen in besonder waardeer en betreur dit dat sy verhinder is om persoonlike bedankings te stuur.

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660 — JOHANNEBURG**

Kolossale voorraad van ons beroemde Vrugtebome, alle soorte, vroeg tot laat. Rose in bekoorlike Versamelings. Honderde bestellings reeds gereserveer, bespreek nou u benodighede vir Winterplantseisoen 1944, u voorkom daarmee teleurstelling, u kry u gekoosde soorte, super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid.

Sierstruike, Uitlandse bome, Bloekom, Denneboompies, Heiningplante en Palms vir Somerplanting.

Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (2)

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

voorbeeld aan die opknapping van ons **verkeerswese** en die inrigting van 'n **uitgebreide netwerk van koelkamers en sentrale produkte-opslagplekke** oor die hele land. Die bemarking moet so gereël word dat vars produkte oor die kortsmoontlike afstand aan die verbruiker gebring word. Waarom moet tamaties uit Transvaal na die Kaapstadse mark en Kaapse tamaties na die Johannesburgse mark gestuur word?

Dit ly geen twyfel dat ons huidige **distribusiestelsel** geweldig duur is nie. Immers, in die meeste gevalle is dit 'n kwessie van gewetenlose uitbuiting beide van produsent en van verbruiker. Wanneer die koste van bemarking twee tot drie keer soveel as produksiekoste uitmaak, is daar bepaald 'n radikale fout met so 'n bemarkingstelsel. Die oorsake hoef nie vér gesoek te word nie. Daar is nie alleen te veel soorte middelmanne nie maar van elke soort is daar ook te veel. Dit hang natuurlik ook nou saam met die soort persoon en die besigheidsmoraal waarvolgens hy handel.

(Word vervolg.)

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**
**Drukkers, Uitgewers en Boekbinders**
*Die Laan, Stellenbosch.*

# Schoemanello Drank....

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |
| Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
**JURGENS SCHOEMAN,**
**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**

**G. A. FICHARDT, Beperk**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
**MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS**
Foon 700 Opgerig 1848
**BLOEMFONTEIN**

*£1000 vir u Oë*
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
*DUWAS*
*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
**DIE VOORTREKKER-APTEEK**
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

## DIE LEES-LAER

'N VERRASSING IN DIE UITGEWERSWERELD

'n Novelle-Rykdom, fris en jeugdig; deur almal worstel die gees van durf en daad tot oorwinning! Uit die pen van ons beste skrywers.

EERSTE AAN DIE WOORD:
MIKRO, MET: SALUUT KORPORAAL!
KAREL KIELBLOCK MET 'n AVONTUURREEKS.

DAN VOLG:
FRITZ STEYN, JOCHEM VAN BRUGGEN, P. DE VILLIERS, T. C. PIENAAR en SCHRIBA.

INTEKENGELD:
U betaal slegs 16/-per jaar en u ontvang 12 boeke. Hulle verskyn een per maand. Die formaat is $6\frac{1}{2}$" x 4" en bevat ongeveer 15,000 woorde.

SLUIT AAN:
Maak van hierdie geleentheid gebruik om lid te word van die LEES-LAER; en bou u eie biblioteek op. Stuur dadelik u naam en adres tesame met die intekengeld aan:

**PUBLICITE HANDELSREKLAMEDIENS (Edms.) BEPERK**
Posbus 4892 Spoorbondkasgebou 507 Foon 33-3918
**JOHANNESBURG**